

# Dinsdag 28 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring  
14:17

## **Die groot oordeel oor die wat die Here nie wou dien nie!**

*En 'n ander engel het uitgekome uit die tempel wat in die hemel is, en hy het ook 'n skerpe sekel gehad (Op. 14:17, 1953-vertaling).*

Daar kom 'n engel uit die hemel. Hy is nie 'n boodskapper soos die ander een wat van die troon af aangevlieg gekom het nie – hy is 'n werker. Hy het net soos die Here Jesus 'n skerpe sekel in sy hand. Hy gaan dus ook iets oes.

Die vraag is dadelik: Wat gaan hy oes? Die maklike deel van die antwoord is dat dit nie koring sal wees nie! Die oordeel oor die ongelowiges word as 'n druiweoes uitgebeeld. Die Here het self nie veel erg aan die insameling van hierdie oes nie. Dis nie sy mense nie, daarom laat Hy dit oor in die hande van iemand anders – 'n engel met 'n sekel. Die gedeelte wat agterbly, gee Hy aan die engel oor om in sy parskuip, die hel, te besorg. Let daarop dat hierdie engel geweldige groot mag en vermoëns moet hê, want die antichris en sy magte kan hulle nie teen hom versit nie. Hy slaan hulle sonder teenstand met sy sekel af!

Die koring wat geoes word, is die simbool van die vrygekooptes deur die Here Jesus – Hyself het hulle klaar persoonlik kom versorg en weggeneem. Dit staan in 1 Tessalonisense 4:16, 17: *Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.*

Die keuring van die mense is streng en persoonlik – die gelowiges mag nie een wegraak of agterbly nie. Daarom behartig die Here persoonlik daardie deel van die oes.

*Sing: Psalm 97-1:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*